

Skriflesing: 1 Petrus 2: 1- 25Teks: **1 Petrus 2:2; 5; 12; 18**Sing: **VOORAF: Ps. 147:6****TYDENS EREDIENS: Ps. 118:11,12; Ps. 92:4,6; Ps. 33:6; Ps. 92:7****1 Petrus 2: 1- 25****1Pe 2:1** Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterary.**1Pe 2:2** Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry.**1Pe 2:3** Julle het immers ondervind dat die Here goed is.**1Pe 2:4** Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.**1Pe 2:5** Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.**1Pe 2:6** Daarom staan daar in die Skrif: "Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie."**1Pe 2:7** Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword"**1Pe 2:8** en: "'n klip waaroor 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp." Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.**1Pe 2:9** Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.**1Pe 2:10** Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.**1Pe 2:11** Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe.**1Pe 2:12** Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.**1Pe 2:13** Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is**1Pe 2:14** of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys.**1Pe 2:15** Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat.**1Pe 2:16** Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien.**1Pe 2:17** Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.**1Pe 2:18** Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goehartig en vriendelik is, of onredelik.**1Pe 2:19** Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.**1Pe 2:20** As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God.**1Pe 2:21** Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.**1Pe 2:22** "Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie."**1Pe 2:23** Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.**1Pe 2:24** Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.**1Pe 2:25** Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.

Skriflesing: 1 Petrus 2: 1- 25

Teks: 1 Petrus 2:2; 5; 12; 18

Sing: VOORAF: Ps. Ps. 147:6

TYDENS EREDIENS: Ps. 118:11,12; Ps. 92:4,6; Ps. 33:6; Ps. 92:7

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, as ons 1 Petrus 2 in ons tyd konkreet wil toepas is hier so baie vir ons te lees in wat die Woord van die Here vandag vir ons wil sê. Ongeag die omstandighede is mens se lewe aan baie dinge blootgestel. Ons noem dit vanoggend verskillende sirkels, verskillende lewenssfeer waarbinne ons dag tot dag moet bestaan en waarvan ons rekenskap moet kan gee.

Tog is ons omstandighede vandag heelwat anders as wat dit 'n jaar terug was. Ons is vanaf die einde Maart in omstandighede wat ons tot vandag, meer as 4 maande later, nog nie weet wat gaan op die einde die uiteindelijke gevolge wees van hierdie pandemie wat oor die wêreld gekom het nie. Te midde van die pandemie het hier klaar weer soveel bedrog en korrupsie plaasgevind, wat die totale omvang nog nie naastenby bekend is nie. Die morele bankrotskap wat in hierdie land sy tentakels al meer maak vertel die verhaal van die tipe mens waarmee gewerk moet word en waarteen heeltyd gewaarsku moet word. Dat ons land ekonomies op sy ergste kantelpunt geplaas is en dinge ekonomies heeltmal in duie kan stort is talle ekonome se voorstelling oor wat wag.

Die wêreld daar aan die buitekant lyk nie goed nie, maar is dit vir my vreemd en onrusbarend dat ondanks hoe groot die nood daarbuite is al meer mense ook al meer huiwer om hulle binnekante na die Kerk se kant te draai. Oraloor in ons kerkverband word gepraat oor hoe swak die erediensbywoning nie geword het nie en hoe selfs kerklike tydskrifte, ook *Die Kerkblad* in ons eie kerkverband meer as 25% aan inhoud moes prysgee, want anders gaan dit nie meer volhoubaar uitgegee kan word nie. Buitekant lyk dit nie goed nie, maar ook baie mense se binnekante lyk nie veel beter nie. Dalk moet ons dit ook anders stel, dit lyk buitekant so sleg omdat mense se binnekante lankal al meer sleg begin word het. In alle sfere van die lewe, dit wat ons as ons lewenssirkels gaan aandui is daar al meer swere wat dreig om oop te bars.

As ons vandag dan 1 Petrus lees, ons het hoofstuk 2 gelees, maar ook hoofstuk 1 is baie belangrik in hoe ons onself in hierdie tyd nie alleen kan handhaaf nie, maar ons ook weer moed

en hoop kan kry. Petrus wat dikwels die apostel van hoop genoem word, wil in die tyd waarin hy gelewe het, wat ook 'n moeilike tyd was, maar dan ook vandag in ons tyd vir ons wys geestelike groei is moontlik. Ons kan geestelik groei deur Jesus Christus se voorbeeld te volg. Ons sien in hfst. 2 vier duidelike terreine waarbinne daar groei kan plaasvind en as ons die begin van hfst. 3 lees dan is dit asof die hoogtepunt van ons lewe na hierdie vyfde terrein oorloop.

Kyk mooi hoe Petrus die lewenssirkels of die lewenssfere waarbinne ons dag tot dag verkeer tot 'n groei potensiaal binne ons bereik plaas. Die eerste groei wat daar moet wees is daar aan jou binnekant nog voor daar oor enige ander groei gepraat kan word. Sorg dat jyself geestelik groei deur die kosbare melk van die woord. Dis hfst. 2:1-3. Tegelyk met hierdie persoonlike groei moet ons ons as lewende klippe laat opbou tot 'n geestelike huis vir die Here. Hfst. 2:4-10 wil dit laat gebeur. Die derde sirkel van groei moet vanuit die geestelike huis gebeur en moet in die gemeenskap gesien kan word. Hfst. 2:11-17 wys aan ons ook hoe ons God kan dien deur in die gemeenskap betrokke te wees en goed te doen. Die vierde sirkel van groei verskuif na ons werksplekke, hoe 'n werknemer sy werkgewer moet respekteer, dikwels ten koste van homself, maar tog doen hy/sy dit ook in navolging van Christus. Hfst 3 plaas ons terug binne die wonderlikste sirkel van die lewe, waar hfst. 3 oor die huwelik en die verhouding tussen man en vrou handel. Vier, ja vyf sfere van die lewe waarbinne daar daadwerklik ook in die moeilikste tyd van jou lewe steeds geestelik gegroei kan word. Kom ons dit nog nader aan ons wil bring. Eerste dan -

Sorg dat jy geestelik groei deur die kosbare melk van die woord:

In vers 2 en 3 staan hierdie besondere oproep ... *2 Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroeï en die saligheid verkry. 3 Julle het immers ondervind dat die Here goed is.* Petrus begin in die hoofstuk eers die dinge op te noem wat ons geestelike groei kan strem ... *Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterly.* Ons beseft dit is die dinge wat so nadelig in ons lewens is. Ja, ek moet ook nie die dinge wil doen wat ander se lewe so kan benadeel nie. Bedrog, huigelary, jaloesie, kwaadpraterly. Wanneer hierdie slegte dinge ons lewens oorheers dan word dit 'n al hoe groter struikelblok wat ware lewensgemeenskap met mekaar onmoontlik maak.

Ons fokus op wat ons moet aflê staan nie los van die dinge wat ons moet opneem nie. Petrus wys hoe ons die kosbare melk van die woord moet opneem. Ons kan groei deur daarop te fokus. Dis hoekom hy ook hierdie aangrypende beeld gebruik van 'n pasgebore babatjie wat smag na sy ma se melk. Ons moet met passie, ja met absolute passievolle vreugde fokus op die suiwer geestelike melk. Letterlik staan hier dat ons moet kom by die suiwer melk van die woord. Dit voed, dit laat groei, dit verkwik.

Alle groei wat daar kan en moet wees kan alleen by die Woord van God begin. Dit is ons bron van krag, wat werklik die ander lewensfere ook moet bereik. Dit verlos ons ook van ons geestelike gebreke en wil ons in die Here versterk. In die tweede lewensfeer sien ons ook hoe Petrus die groei laat uitkring, want dit mag nie net gaan om persoonlike groei vanuit die kosbare melk van die woord nie, maar sien ons die groei ook in die tweede plek:

Jy moet jou soos 'n lewende klip laat opbou tot 'n geestelike huis vir die Here:

Broeder en suster, dit gaan daaroor dat ek moet deel word van die Kerk van die Here. Dit waarby ons ook aansluiting kan vind by Artikel 28 van die Nederlandse Geloofsbelydenis as ons ook bely dat **elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit**. Ons luister weer mooi na ons belydenis in die NGB:

Ons glo - aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie - dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevreidenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; intendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal - as lede van een en dieselfde liggaam - aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien. En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood - of lyfstraf oplê. Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.

As ons ons groei ook hierin raaksien, broeder en suster, dan sê Petrus in vv. 4-5: *4 Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. 5 Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.*

In hierdie gemeenskap gaan dit in die eerste plek om gemeenskap met die lewende God. God is die Een waaroor dit moet gaan. My hele geestelike lewe moet om Hom sentreer. *Kom, na Hom toe ...* is die oproep. Dis alleen aan God te danke en in jou verhouding met Hom dat daar ook vir jou in die geestelike huis van die Here ruimte gemaak word. God gee aan jou plek in die liggaam van Christus. Soos iemand dit ook stel: “Dit is Hy wat jou inmessel in die geestelike huis van die gelowiges”. Die kerk is immers in sy diepste wese die liggaam van Christus op aarde. Dit moet vir ons die wese van ons kerkwees bepaal.

As ons weer mooi lees wat Petrus hier in die wese van ons kerkwees vir ons uitspel dan noem hy eintlik drie dinge. *Kom na Hom toe ...* dis wat eerste uitstaan en dan sien ons ook dat jy jou plek in die liggaam van Christus moet kan vind, welwetende daar is vir jou plek ... God het vir jou 'n ereplek uitgekies. En dan voeg Petrus nog 'n baie belangrike aspek in hierdie tweede sirkel van ons lewensbestaan ook by dat ek offers, geestelike offers moet kan bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. Dit gaan om God te aanbid, Hom te loof, ons dankoffers moet duidelik my dankbaarheidslewe wil weerspieël want 'n fisiese offer is waardeloos as dit nie met 'n geestelike offer saamval nie.

Die geestelike wat jou anker in Hom, Christus, die Hoeksteen. As ek tot 'n geestelike huis vir die Here opgebou word dan dra hierdie geestelike huis ook weer vier kenmerke. Ons word dan *'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige nasie, 'n volk wat aan God behoort.* Hier bely ons weereens onomwonde dit is God wat ons gekies het, ja daarom 'n uitverkore geslag, God het ons gemaak wat ons nooit uit onself sou kon wees nie. Al is ons in hierdie wêreld is ons nie van hierdie wêreld nie. In aansluiting by die eerste Johannes-brief waar ons verlede Sondag ook was- *Ons weet dat ons uit God is maar dat die hele wêreld in die mag van die bose lê* (1 Joh. 5:19). Wanneer Petrus hierdie tweede groeipunt saamvat dan spel Petrus die geestelike huis se unieke posisie nog verder uit deurdat ons as geestelike huis deur God verkies is

om die deugde te verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig. Ja, God se deugde moet deur ons verkondig word, ook daardie besondere deugde wat ons van God in Art 1 van die NGB bely - hoeveel van artikel 1 word werklik in ons lewens verkondig as ons moet uitdra dat God is **ewig, onbegryplik, onsienlik, onveranderlik, oneindig, almagtig, volkome wys, regverdig, goed en die alleroorvloedigste fontein van alles wat goed is.**

Direk hierna laat Petrus ook 'n derde lewenssirkel nog weer oor hierdie ander twee sirkels heen beweeg. Die een sirkel sluit nie die ander sirkel uit nie, maar sluit dit juis in. Dis hoe daar ook na die lewenssirkels in ons tyd gekyk moet word. Vir Petrus gaan die groei ook daarin:

Dien God in die gemeenskap waarin jy is deur goed te doen:

Hoe ek in hierdie gemeenskap gaan optree mis nie God se aandag nie. Dis waar 1 Petrus 2:12 in besonder na vore kom: *12 Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.* Hierdie is dikwels 'n moeilike deel broeder en suster. Die gemeenskap is die gelowige so dikwels nie goedgesind nie. In ander gevalle kan die gemeenskap jou allerhande liggaamlike begeertes voor oë hou wat stryd voer teen jou siel. Dinge wat jou gewete kan verswaar en jou fokus van God afhaal.

Daarom moet ons in alle omstandighede poog om ons in die gemeenskap goed te gedra. In wat jy anders doen en goeddoen kan hulle aan die buitekant van die kerk jou goeie dae raaksien. Dit alles in lyn met Jesus se woorde in sy eerste preek: *16 Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.* Die verskil kom waar ons baie keer met heidene te make het, heidene wat ook van jou en my kwaadpraat, hulle mag ons selfs as misdadigers beskou maar mag ons voorbeeldige lewe gesien word en weet daar sal 'n dag van afrekening kom. As hulle hul op grond van ons voorbeeld kan bekeer dan word hulle deel van die wat God kan verheerlik.

Ons besef selfs die menslike instellings van ons tyd wat in hierdie Covid-tyd baie uitdagend raak, ja die absurditeite waarmee dinge gepaard gaan is groot, maar dan besef ons ook op grond van wat Openbaring 13 staan dat God gee wel insig ook in die Bose se planne sodat ons as gelowiges

in die geloof kan volhard. Daar bly 'n basiese beginsel vir die gelowige uitstaan dat soos wat God 'n God van orde is, so moet ons die orde in die samelewing probeer handhaaf. Ons moet onkunde deur goeddoen probeer stopsit. Leef as mense wat dit uitstraal dat ons vryheid is in Christus, daarom laat ons ons aan niks verslaaf nie. In Latyn is daar ook 'n pakkende spreekwoord wat sê – *nemene nē mancipavi*- (Ek het my aan niemand verslaaf nie). Mag dit ook altyd ons uitgangspunt wees. Ek sal dan nie toelaat dat my siel deur al die skelmstreke van mense verkoop word nie. Skelmstreke, korrupsie wat selfs in die land in sy mees benarde en uitdagende tyd die norm geword het om te steel en nog te wil steel. Mense wat vir God geen ontsag het nie. Daarom het hulle moraliteit gedaal tot op die vlak wat ons nie aan gewoon mag raak nie en ek is nogal bevrees te veel mense is besig om tot dieselfde vlak te daal. Dit sien ons dalk veral in die vierde lewenssirkel wat Petrus ook direk aanspreek?

Hoe 'n werknemer sy werkgewer moet respekteer, dikwels ten koste van homself/haarself:

Petrus skrywe ... *Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.* Weereens soos die gemeenskap nie maklik is nie, is hierdie ook nie maklik nie. Tog as ek onderdanigheid en respek betoon dan besef ons ons dit nie ter wille van mense nie, maar ter wille van die Here. Veral as jy dalk op die stadium onder 'n werkgewer ly onthou hoe die Here ons ook andersins vertroos dat Hy die Here hou rekening met hoë die onregverdigte dikwels lyding moet verduur. Ja, vir allerhande vakbonde wat ons land tot nog dieper die modder insleep laat God se Woord nie ruimte nie, want dis tragies die dae wat die Prediker ook beskryf as hy 'n land in sy omstandighede mooi saamvat wanneer dit regtig nie meer goed gaan nie ... ons lees in Pred.10:7 ... *7 Ek het slawe te perd gesien en vorste te voet op die grond soos slawe.* Die Prediker begin al in vers 6 die lyne bymekaartrek. Daar is dwase wat heeltemal te hoë aansien begin kry ... die ouer vertaling stel dit skerp ... die dwaasheid word op groot hoogtes gestel ...

Dan sien ons hulle wat met begrip en insig sou kon lei word slegter as die dwase gemaak, hulle moet op die grond wees soos slawe en die slawe hulle ry die perde. Dis ook nie 'n nuwe ding nie. Alles so in lyn met wat die Prediker so dikwels in sy besondere wysheid ons leer- daar is niks nuuts onder die son nie. Die feit is, ek moet dankbaar wees as daar 'n regering is soos Prediker dit ook beskryf- Vers 16&17 Prediker 10: *16 Ellende wag vir die land waarvan 'n slaafkoning is en waar amptenare vroeg in die dag begin feesvier. 17 Dit gaan goed met die land waarvan*

die koning vir homself kan besluit en waar amptenare op die regte tyd feesvier, met selfbeheersing en nie met 'n drinkery nie. Op die stadium het ons meer met 'n regering in lyn met vers 16 as een wat vers 17 in lyn bring. Tog stel vers 18-20 ons op hoogte hoe God daarna kyk ... 18 Luiheid laat die dak inval, slap hande laat die huis lek. 19 Eet bring plesier, wyn vrolik die lewe op, maar alles kos geld. 20 Moenie die koning verwens nie, nie eens in jou gedagte nie, moenie die ryke verwens nie, nie eens in jou slaapkamer nie; die voëltjies kan oorvertel wat jy gesê het, hulle kan jou woorde oordra.

Geliefdes laat ons ter afsluiting vandag besef, ons het al die lewenssirkels nader aan ons kon bring, in elk is daar besondere geleentheid, besondere geestelike rykdom, dit is alles terreine wat soveel potensiaal gee tot geestelike groei. Daar kan groei wees, alleen net in Christus. In navolging van Christus.

Laat jou voed met die melk van die Woord, laat jou as lewende steen ook in die tyd in hierdie geestelike huis van God tot opbou, wees 'n voorbeeld in die gemeenskap, ja veral in jou werksplek en waar verhoudinge moeilik is. Maar het u gesien waarmee begin 1 Petrus 3, ons het dit nie gelees nie. Maar dit staan as vyfde lewenssfeer, 'n lewenssirkel waar die groot dinge en mooiste dinge moet bymekaarkom. In die huwelik, in die verhouding tussen man en vrou.

Ek lees net 1 Petrus 3 vers 1 en ook verse 5- 7: u kan by u huise die res lees, dan sien ons lewenssirkels tot 'n hoogtepunt – 'n heilige band saamgebind. Vers 1: *Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.* Ook vv. 5-7: *In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig. 6 Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters. 7 Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.*

'n Groot deel van baie probleme en baie gemors het begin waar aan hierdie orde, die basiese skeppingsorde en gesagsorde van God nie meer gehoor gegee word nie.

Hoe wonderlik as 'n huwelik van groei, van besondere geloofsgroei kan getuig, want dit alles gebeur in navolging van Christus, hoe Christus aan sy Vader gehoorsaam is.

AMEN